Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 196/02

Datum verhoor: 2004-07-26

Datum gelewer:

In die appél van:

**FARMERS' SERVICES LIMITED** **APPELLANT**
**H/A FARMERS' FERTILISERS SERVICES**

*versus*

**RENIER MULLER** **RESPONDENT**

Coram: KGOMO RP, MAJIEDT R *et* OLIVIER R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Ek het die voordeel daarvan gehad om die breedvoerige, weloorwoë uitsprake van my geleerde ampsbroeders te lees. Ek is dit eens met Olivier R dat die appél van die hand gewys moet word.

2. Die Appellant se probleme hierin het myns insiens hul ontstaan te danke aan die volgende twee fundamentele flaters wat begaan is:

   2.1 Die Appellant het, as *dominus litis*, duidelik en ondubbelsinnig in sy dagvaarding gepleit dat die wesenlike terme van die kontrak gevind kan word in aanhangsel "A" tot die dagvaarding. Daarby ingeslote dus was die gewraakte klousule 14 waarna my ampsbroeders alreeds volledig verwys het in hul

uitsprake.

Verbasend genoeg het die Appellant, toe hy gedaag was deur die Respondent om sy *locus standi* te bewys gegewe klousule 14 se bepalings, nie net daarin volhard om vol te hou met dié standpunt nie, maar het hy boonop getuienis tot die teendeel van klousule 14 se bepalings aangebied.

2.2 Die tweede flater is 'n wanopvatting wat by die Appellant se advokaat bestaan het tydens die verhoor dat die bewyslas om *locus standi* (of dan meer korrek die gebrek daaraan) te bewys, op die Respondent rus.

Die gesag soos aangehaal deur Olivier R is duidelik tot die teendeel; sien par. [6] en par. [7] van Olivier R se uitspraak.

3. Vir die redes soos voorgehou deur Olivier R in sy uitspraak is ek heeltemal tevrede dat daar nie gesÍ kan word dat die Respondent warm en koud geblaas het in die formulering van sy verwere nie (die sg. "*approbate and reprobate*"). Dit kom veelvuldiglik voor dat verskillende en selfs op die oog af botsende verwere in 'n verweerskrif gepleit word. Daar is regtens geen beletsel daarteen nie, mits dit as alternatiewe gepleit word en mits dit nie vaagheid en verwarring meebring nie. Ek moet respekvol verskil met Kgomo RP dat hierdie benadering 'n verheffing van "*form over substance*" is. Die "tegnies korrekte" benadering van die Respondent slaan per slot van sake tog op 'n kernaspek van die Appellant se saak wat hy moes bewys, te wete *locus standi*.

4. Ek het groot begrip vir Kgomo RP se sentimente soos

ondermeer uitgespreek in par. 44 van sy uitspraak. Die gevolgtrekking waartoe die landdros gekom het en wat ondersteun word deur Olivier R en ekself op appél is 'n minder bevredigende uitslag. Dis egter regstegnies die korrekte bevinding na my mening.

5. **Gevolglik meen ek, vir die verdere redes voorgehou deur Olivier R, dat die appél afgewys moet word met koste en word dit aldus gelas.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

| | |
|---|---|
| NAMENS APPELLANT : | ADV A BESTER i.o.v. ENGELSMAN BENADE & VD WALT ING |
| NAMENS RESPONDENT : | ADV PJ GREYLING i.o.v. DUNCAN & ROTHMAN |

| | |
|---|---|
| DATUM VAN VERHOOR | : 26 JULIE 2004 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : |